**Saterdag 23 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-7; HK Sondag 4, Antwoord 9**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:4, 5**

## Die verleiding van Satan

In Genesis 3 word ons vertel hoe Satan die mens tot sonde verlei het. ’n Mens moet let op sy tegniek: as hy met Eva praat, val hy nie sommer met die deur in die huis nie; nee, hy kom met ’n ompad. Hy val Eva nie aan nie, maar vra vriendelik: *“Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”* Met die vraag wil hy twyfel by Eva wek, twyfel aan die woord van God.

Die duidelikste kom sy bose opset egter uit in die feit dat hy die woorde van God verdraai. God het gesê dat hulle van *al* die bome in die tuin mag eet behalwe van *een*, maar die slang vra of God gesê het dat hulle van *geen enkele boom* se vrugte mag eet nie. So wou hy deur sy goedgekose vraag ’n ongunstige lig op God laat val, asof Hy hartvogtig is en aan die mens so baie ontsê.

As Eva dan antwoord, kan ’n mens duidelik sien dat Satan reeds ’n greep op haar verkry het, want sy verdraai ook die woorde van God. Sy sê byvoorbeeld dat God gesê het dat hulle van die vrugte van die betrokke boom nie mag eet nie *en dit ook nie mag aanraak nie* (Gen. 3:3). God het egter nooit gesê dat hulle dit nie mag aanraak nie. Hy het slegs die eet daarvan verbied.

Nadat hy so die vertroue op die goedheid van God by Eva laat wankel het, gaan die slang oor na uitdruklike leuens: *“Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet, en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.”*

As die twyfel eers posgevat het, is daar reeds ’n gat in die muur gebreek en kan Satan in die huis ingaan. Nou veg hy kaalvuis en slaan toe met blatante leuens: Julle sal beslis nie sterwe nie. Eva luister na Satan en so word haar twyfel in ongeloof omgesit. Sy wil nie meer van God afhanklik wees nie, maar op haar eie bene staan – los van God!

Hierdie verleiding van Satan moet ook vir ons ’n ernstige waarskuwing wees. Soos hy die mens in die paradys verlei het, so maak hy vandag nog. Hy gebruik dieselfde tegniek. Trouens, met hierdie tegniek wou hy ook vir Christus verlei toe hy Hom in die woestyn en elders versoek het. Christus het Hom egter nie laat verlei nie. Hy was volmaak aan God gehoorsaam tot die kruis en die dood toe. Deur hierdie gehoorsaamheid van Christus het Hy vir al ons ongehoorsaamheid geboet.